

# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!



UITGAWE 198 · 31 JANUARIE 2020

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers

Ek wil die volgende sake onder u aandag bring.

### SKOOLTYE:

Ons skool begin vanaf 1 Januarie 2020 amptelik om 07:30 vir alle leerders. Ons doen 'n vriendelike beroep op u dat u dit sal eerbiedig en u kind betyds sal aflaai. Dit word opreg waardeer.

### AKADEMIE:

Ons doen 'n beroep op alle ouers om vroegtydig seker te maak dat leerders hul huiswerk getrou by die huis doen. Dit is baie belangrik vir hul sukses aan die einde van die jaar.

### PRESTASIES BUIE SKOOLVERBAND:

As 'n omgee-skool wil ons graag alle leerders gelukwens met hul prestasies wat buite skoolverband behaal word. Daarom moet u alle buiteprestasies na mnr. Christo Scriven stuur (cscriven@framesby.co.za) en sluit die skoolhoof daarby in (mgermishuys@hotmail.com). Dit is vir ons belangrik om ook aan hierdie leerders erkenning te gee.

### VERKEERSREËLINGS:

Ons wil u as ouergroep vra om ons in die volgende aspekte behulpsaam te wees:

1) Ons wil versoek dat u die spoedgrens in die gebied die strate om die skool sal eerbiedig. U sal saamstem dat ons nie graag 'n situasie wil beleef waar een van ons in ons skoolgemeenskap of die breër gemeenskap onnodig in 'n ongeluk betrokke wil raak nie.

2) Ons het leerders wat in die middag van busvervoer gebruik maak. Daar is egter ouers wat op die busparkeerplekke in Willowbystraat parkeer. Dié parkeerplekke is teen die skool en nou word die leerders gedwing om dié pad te kruis.

3) Ouers stop soggens en middag dwars voor die hoofingang, oor kruisings, voetoorgange, voor sommige hekingange en inwoners se opritte. Dit bring 'n verkeersopeenhoping mee en affekteer mede-padgebruikers. Let asseblief op waar u stilhou en hoé u stilhou die verkeer beïnvloed.

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR**

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

### SATERDAG

Nelmarie Croecamp Gr12  
Melvonné du Preez Gr9  
Cee-Jay Oliveria Gr9  
Tiaan Peens Gr8  
Gisele Smith Gr8

### SONDAG

Anoree Castelyn Gr8  
Louw Castelyn Gr8  
Megan Hart Gr10  
Dandri Oosthuizen Gr12  
Niketa Pienaar Gr9  
Kayla Smuts Gr9

### MAANDAG

Ilze Hattingh Gr9  
Jayden Johnson Gr8  
Roché Kapp Gr8  
Luané Rossouw Gr11  
Jennica Vosloo Gr9  
Anke Zulch Gr10

### DINSDAG

Johan Jooste Gr11  
Jana Lamprecht Gr10  
Theniëll Meyer Gr8  
Callen Slater Gr11

### WOENSDAG

Juan-Pierre Coetzee Gr12

### DONDERDAG

Ewald Muller Gr8  
Celeste Steenekamp Gr11  
Jaric Swart Gr12

### VRYDAG

Hennie Botes Gr9  
Andrea Northe Gr11  
Lu-André Williams Gr10

4) Daar is ouers wat leerders aan die verkeerde kant van die pad aflaaï en teen die verkeer stilhou. Dit bring mee dat leerders teen die pad uit voertuie moet klim. U stel u kind so in gevaar aangesien hulle baie maklik deur ander voertuie beseer kan word. Beplan asseblief u aflaaipunt en ry verkieslik om die skool om u kind veilig af te laai.

5) Wees bewus van leerders wat tussen voertuie beweeg en ook ander voetgangers wat op verskeie plekke wag om strate te kruis.

6) Leerders wat toestemming het om met motorfietse skool toe te kom, moet op die spasie soos deur die skool bepaal, stilhou. Hulle mag nie voor die skool parkeer nie.

7) Leerders wat met motorfietse ry, móét van valhelms gebruik maak.

#### HANDBOEKE:

Ons doen 'n vriendelike beroep op alle ouers om te sorg dat u kind teen 3 Februarie al hul handboeke sal hê

Vriendelike groete  
Mnr. M. Germishuys

## UITSLAE VIR DIE WEEK

### KRIEKET

1ste span vs Kingswood. Framesby 99 almal uit. Kingswood 102 / 1 na 25 beurte. Kingswood wen met 9 paaltjies.

2de span vs Kingswood. Kingswood 330 lopies. Framesby 112 almal uit. Kingswood wen met 218 lopies.

o.15-A span vs Kingswood. Kingswood 330/2. Framesby 217 lopies na 40 beurte. Beste kolwers Robert Capes 64 en Marko Steenekamp 61 lopies. Kingswood wen met 113 lopies.

o.14 A-Span vs Kingswood. Framesby 222/4. Beste kolwers Taine Douw 78 en Ethan Gunn 51. Kingswood 44 almal uit. Beste bouler Juanré de Vos met 3 paaltjies. Framesby wen met 178 lopies.

### BOFBAL:

Baie geluk aan Lyle Willet en Arno Momberg wat ingesluit is in die Oos-Kaap o.18 Bofbalspan wat aan die Nasional Bofbal Kampioenskappe in Kaapstad vanaf 21 – 26 Maart gaan deelneem.

### KUSHENGEL:

Baie geluk Zanje Hurter wat in die OP-Damespan opgeneem is wat gaan deelneem aan die SA Kushengel Kampioenskappe in Oos – Londen vanaf 10 – 14 Februarie.

### SWEM:

Baie geluk aan Xander Myburgh wat 'n 3de plek losgeswem het by die 3km Open Water NMBA Kampioenskappe in die ouderdomsgroep 13-14-jaar.

## Tiaan, hou só aan!

Ons is baie trots op Tiaan De Beer (Gr10) wat die besondere voorreg gehad het om tydens die afgelope Desember vakansie (8 - 12 Desember 2019) 'n Wiskunde kamp te kon bywoon wat deur die South African Mathematics Foundation (SAMF) aan- gebied is by die Universiteit van Stellenbosch.

Tiaan was die enigste leerder uit die Nelson Mandela Baai streek wat uitgenooi is na die kamp. Benewens die gevorderde Wiskunde wat Professor Pillay (van die Universiteit van Kwazulu-Natal) met die leerders behandel het, is hulle ook spesifiek voorberei vir deelname aan toekomstige Wiskunde olimpiades. Bywoning van die kamp is die eerste stap vir moontlike insluiting in 'n Suid- Afrikaanse span. Vir Tiaan was dit 'n genotvolle manier om sy liefde vir Wiskunde te kon uitleef. Dit was nie slegs 'n akademiese uitstappie nie en tussendeur lesings het daar heelwat ander aktiwiteite ook plaasgevind onder leiding van hul onderskeie spanleiers. Tiaan het dit terdeë geniet en gaan vanjaar weereens aan soveel as moontlik Wiskunde olimpiades en opleidings- programme deel neem.

# FRAMESBY IS TROTS OP...

## UITSLAE VIR DIE WEEK

### Interhuis Kleureatletiek:

Huis Krit het die AANKOMSBEKER gewen sowel as die SANGBEKER. Huis Vis het die ATLETIEKBEKER gewen. Twee uit drie bekere beteken dat Huis Krit eintlik die Interhuis gewen het! Daar is altesaam 8 nuwe rekords opgestel en een rekord geëwenaar. Die nuwe rekordhouers is: Zanri Black (90m hekkies - dogters 0/15 - 14,28 sek), Anja Vorster (spiesgooi - dogters 0/14 - 24,77m), Jana Terblanche (hamergooi - dogters 0/15 - 39,53m), Monique van Rooyen (spiesgooi - dogters 0/17- 35,45m), Lucca Wiehart (ewenaar die paalspring - seuns 0/14 - rekord - 2,1m), Brian Ellard (verspring - seuns 0/16 - 6,25m), Zander van Eyk (paalspring - seuns/16 - 3,25m), Michael Spinks (paalspring - seuns 0/17- 2,7m) en Tiaan Erskine (hamergooi - seuns 0/17- 55,20m).

Die dogters wat die meeste punte ingesamel het is as volg: Anke Scheffer met 31,5 punte, Zanri Black met 34 punte, Melissa Hamilton met 37 punte, Simone Louw met 50 punte en in eerste plek is Monique Van Rooyen met 56 punte. Die seuns wat die meeste punte ingesamel het is as volg: Jevenon Matthys met 41,5 punte, Juan Baard met 48,5 punte, De-Leon Strydom met 52 punte, IP van der Merwe met 55 punte en in die eerste plek is Hugo Nothnagel met 68 punte.

Vir die Ysterman en – Vroukometisie tel die sewe spesifieke items van sewekamp. Die Ystervrou van 2020 is Monique Van Rooyen en die Ysterman van 2020 is Hugo Nothnagel. Vir die volgende 4 bekere word punte volgens die APE-tabelle bereken. 'n Atleet se beste drie items tel om vir die beker in aanmerking te kom.

Junior Victrix Ludorum: Zanri Black · Junior Victor Ludorum: Logan Muller

Senior Victrix Ludorum: Monique Van Rooyen · Senior Victor Ludorum: Gerhard Venter



## PROGRAM VIR DIE KOMENDE WEEK.

**SATERDAG**  
1 FEB

- Atletiekliga 2 -Oval
- Seunskrieket teen Brandwag  
1ste en 0/15 (T)  
2de en 0/14 (W)

**SONDAG**  
2 FEB

**MAANDAG**  
3 FEB

- Ghofliga

**DINSDAG**  
4 FEB

- Dogterskrieket teen Alex (T)

**WOENSDAG**  
4 FEB

**DONDERDAG**  
6 FEB

- Bloedsken
- Senior English Debating
- Dogterskrieket teen Alex (T)

**VRYDAG**  
7 FEB

- Filantrope
- VCSV - takkamp
- Krieket teen Punt.  
1ste en 0/15 (W)
- Dogterskrieket -Hudon Park (W)
- Atletiek PE skole



**SUNRIDGE**

---

**VILLAGE**

where everybody knows your name!

Where to find us:  
Kragga Kamma Road, Sunridge Park

[www.sunridgevillage.co.za](http://www.sunridgevillage.co.za)